# GRONDWET VAN DIE SUID AFRIKAANSE SIERDUIFVERENIGING

**Soos op 11 Julie 2025**

**1 NAAM:**

1.1 Die naam van die vereniging is **"Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging".**

1.2 Die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging:
1.2.1 bestaan in eie reg, onafhanklik van sy lede;
1.2.2 bly voortbestaan ongeag of die ledetal verander en of daar verskillende ampsdraers is;
1.2.3 kan eiendom en ander bates besit; en
1.2.4 kan dagvaar en gedagvaar word in die Vereniging se eie naam.

1.3 Die grondwet van die Vereniging is die kontraktuele basis waarop elke lid van die Vereniging hom teenoor sy medelede verbind. Hy onderwerp hom aan die reëls en dissipline van die Vereniging. By verbreking van enige van hierdie bepalings of voorskrifte, sal daar ingevolge die Dissiplinêre Prosedure teen die lid opgetree kan word.

**2 WOORDOMSKRYWINGS:**

2.1 Tensy die samehang anders vereis, beteken in hierdie grondwet:
2.1.1 **Vereniging**: die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging en het die afkorting SASV 'n gelykluidende betekenis.
2.1.2 **Hoofkantoor**: die woonadres van die dienende Nasionale Sekretaris dien as hoofkantoor van die Vereniging.
2.1.3 **Lid:** 'n individu of 'n vennootskap.
2.1.3.1 **Junior lid:** 'n Lid wat in die huidige kalender jaar tussen 6 en 18 jaar oud is.
2.1.3.2 **Volwasse lid**: 'n Lid wat in die huidige kalender jaar 19 jaar of ouer is.
2.1.4 **Uitvoerende Komitee**: verkose en aangestelde bestuur van die SASV. Die afkorting UK het 'n gelykluidende betekenis.
2.1.5 **Algemene Jaarvergadering**: het die afkorting AJV met gelykluidende betekenis, vorm die hoogste orde van gesag in die SASV.
2.1.6 **Beoordelaarsforum**: het die afkorting BF met gelykluidende betekenis, 'n komitee bestaande uit alle gekwalifiseerde beoordelaars wat sake rakende beoordeling hanteer.

2.2 Waar daar na een geslag verwys word, sluit dit albei geslagte in.

**3 DOELSTELLINGS:**

3.1 Die aanmoediging van die liefde vir en versorging van sierduiwe.

3.2 Die verbetering van die kwaliteit en standaard van sierduiwe.

**4 LIDMAATSKAP:**

4.1 Enige persoon mag lid word van die vereniging deur die bewys van betaling van die voorgeskrewe ledegeld en 'n voltooide lidmaatskapvorm by die Nasionale Ringmeester in te dien. Die SASV behou hom die reg voor om 'n aansoek of hernuwing van lidmaatskap, sonder verskaffing van redes, te weier.

4.2 Twee, of meer, lede mag as 'n vennootskap aansluit teen betaling van die voorgeskrewe ledegeld. Volwasse vennootskappe, en vennootskappe bestaande uit 'n onverwante senior lid en 'n junior lid mag hoogstens uit 2 lede bestaan. Gesins vennootskappe mag egter uit meer as twee lede bestaan, slegs as dit minderjarige

kinders uit die gesin insluit. Junior vennootskappe mag ook uit meer as 2 kinders uit dieselfde gesin bestaan.

4.3 Skole wie se kinders by die Nasionale Jeugskou Vereniging betrokke is kan as `n skole-vennootskap aansluit teen betaling van die voorgeskrewe vennootskap ledegeld vir junior lede. Waar daar net een kind in die skool betrokke is by die Naionale Jeugskou Vereniging sal ledegeld die van `n enkel junior lid wees. Skole-vennootskappe mag uit meer as 2 kinders uit dieselfde skool bestaan. `n Skole-vennootskap is slegs vir kinders van die betrokke skool en nie vir volwasse persone soos ouers, onderwysers, Nasionale Jeugskou Vereniging organiseerders of afrigters nie.

4.4 Vanaf 4 Februarie 2023 word kinders onder die ouderdom van 16 jaar vrygestel van ledegeld en kan gratis lid van die SASV word. Hulle bly egter verantwoordelik vir alle ander uitgawes, soos byvoorbeeld die aankoop van ringe.

**4.4 Lidmaatskap verleen aan ‘n lid die volgende regte:**

4.4.1 Om ringe vanaf die Vereniging aan te koop.
4.4.2 Om duiwe op enige skou deur die Vereniging gereël, te vertoon.
4.4.3 Om alle literatuur wat deur die Vereniging uitgegee word, te ontvang.
4.4.4 Om tydens die AJV of enige spesiale vergadering aan besluitneming te mag deelneem ooreenkomstig die reëls.
4.4.5 Om tot ‘n ampsdraer van die Vereniging of enige van sy strukture verkies te word.
4.4.6 Om vir pryse, eerbewyse en ere-toekennings te kwalifiseer ooreenkomstig die reëls van die Vereniging.

**4.5 Lidmaatskap word beëindig:**

4.5.1 By afsterwe. Indien 'n vennootskap as lewenlange lid aangesluit het, behou die langslewende sy lewenslange lidmaatskap by die afsterwe van sy/haar vennoot. Iemand anders kan egter nie by die vennootskap aansluit en sodoende deel in die voordele van lewenslange lidmaatskap nie.
4.5.2 By versuim om die voorgeskrewe ledegeld voor die einde Januarie te betaal of om paaiementafbetalings ingevolge die goedgekeurde begroting in stand te hou.
4.5.3 Waar ‘n lid se lidmaatskap deur die UK of ‘n AJV beëindig word.

**5 UITVOERENDE KOMITEE (UK):**

5.1 Die eiendom en hantering van die sake van die Vereniging vestig in die UK.

5.2 Die UK van die Vereniging word soos volg saamgestel: Nasionale President, Nasionale Vise-president, Nasionale Sekretaris, Nasionale Tesourier, Nasionale Redakteur, Nasionale Ringmeester, Nasionale Beoordelaarsbeampte, Nasionale Jeugverteenwoordiger en ‘n verteenwoordiger van elke streek. ‘n Webmeester word deur die UK aangestel as lid van die UK na gelang van die beskikbaarheid van ‘n kundige persoon binne die SASV. By gebrek aan 'n kundige persoon binne die SASV, het die UK die magtiging om 'n eksterne persoon te kontrakteer. Sodanige eksterne persoon sal nie op die UK dien nie.

5.3 Die dagbestuur van die UK bestaan uit al die verkose en aangestelde lede van die UK, maar sluit streeksverteenwoordigers uit.

5.4 In geval van die dood, bedanking of onbevoegdheid van enige lid van die UK, kan die UK iemand koöpteer om die pos tydelik te vul totdat dit deur verkiesing of aanstelling gevul kan word.

**5.5 Die UK het die volgende bevoegdhede en pligte:**

5.5.1 Om besluite te neem en stappe te doen om uitvoering te gee aan die bepalings van hierdie grondwet en reëls;
5.5.2 Om die Vereniging te verteenwoordig in enige aangeleentheid wat van algemene belang vir die Vereniging is;
5.5.3 Om onderhewig aan die bepalings van die grondwet, dissipline tussen die lede van die Vereniging te handhaaf;
5.5.4 Om die finansies van die Vereniging, streke en spesialiteitsklubs te kontroleer;
5.5.5 Om kontrakte namens die Vereniging aan te gaan in verband met sy sake en eiendom;
5.5.6 Om die Vereniging in regsgedinge te verteenwoordig;
5.5.7 Om skoudatums vas te stel en skoureëls te bepaal;
5.5.8 Om die aanstelling van die beoordelaars vir die jaarlikse Kampioenskapskou te doen, op aanbeveling van die Nasionale Beoordelaarsbeampte;
5.5.9 Om die pryse wat by die jaarlikse kampioenskapskou toegeken word, te bepaal;
5.5.10 Om die aanstelling van die mees geskikte Nasionale Redakteur, Nasionale Ringmeester, Nasionale Webmeester en Nasionale Jeugverteenwoordiger te doen uit nominasies vanaf streke ontvang;
5.5.11 Om riglyne neer te lê en aanbevelings aan die AJV te doen, vir die beter funksionering van en uitbouing van die beeld van die Vereniging.
5.5.12 Die UK mag enige van sy funksies delegeer aan 'n komitee van sy lede en mag sodanige delegasie te enige tyd beëindig of wysig. Kundiges mag ook vir spesiale projekte gekoöpteer word.

5.6 Die UK moet jaarliks oor bepalings 5.5.1. tot 5.5.12 aan die AJV verslag lewer.

**5.7 Vergaderings van die Uitvoerende Komitee:**

5.7.1 Die UK vergader vroeg in die jaar, en voor sowêl as na die AJV. Laasgenoemde twee UK vergaderings vind gevolglik tydens die Kampioenskapskou plaas.
5.7.2 Veertien dae kennis van die tyd, datum en plek van die UK se vergaderings, moet aan elke komiteelid gegee word.
5.7.3 Drie of 20% (opgerond tot die naaste heelgetal) lede van die UK vorm 'n kworum.
5.7.4 Indien enige lid afwesig is tydens drie opeenvolgende UK vergaderings, sonder vooraf verskoning aan die Nasionale Sekretaris, sal sy/haar lidmaatskap van die UK outomaties beëindig word.
5.7.5 Die Nasionale Sekretaris moet 'n notule van al die vergaderings van die UK hou. Hierdie notules sal nie gepubliseer word nie, tensy die UK anders beslis.
5.7.6 Waar 'n ernstige saak uiters dringend afgehandel moet word, mag UK lede onderhewig aan kondonering deur die AJV per e-pos, faks, op die Internet of enige ander erkende sosiale media platvorm 'n stem uitbring. Indien die meerderheid UK lede die voorstel steun, mag dit geïmplimenteer word. Sodanige besluit mag egter nie wees om 'n bestaande grondwetartikel te wysig of te skrap nie. Dit mag slegs geneem word in uitvoering van die UK se verantwoordelikhede in terme van die grondwet. Die besluit moet in die notule van die eerskomende UK vergadering opgeneem word.

**6 VERKIESING VAN AMPSDRAERS:**

6.1 Die nominasie van, kwalifikasie vir en verkiesing tot lede van die UK, uitgesluit streekverteenwoordigers, sal geskied ooreenkomstig die riglyne wat die AJV neerlê.

6.2 Ere-ampte:

6.2.1 Ere-Presidente en Ere-Vise-Presidente mag benoem word. Die poste van Ere-Presidente is ereposte en die bekleërs daarvan beskik oor geen uitvoerende magte nie.

6.2.2 Vorige en huidige uittredende Nasionale Presidente van die Vereniging kwalifiseer vir die benoeming as 'n Ere-President. Indien enige Ere-President weer tot die Dagbestuur van die UK verkies of aangestel word, verloor hy sy ere-posisie.

6.2.3 Persone wat hulle binne hulle streke onderskei het, kwalifiseer vir die benoeming van Ere-Vise-Presidente.

6.2.4 Geen persoon wat nie ten minste 15 jaar ononderbroke lid van die Vereniging is nie, kwalifiseer vir die benoeming as Ere-President of Ere-Vise-President nie en enige sodanige benoeming is onderhewig aan goedkeuring deur die UK voordat so 'n aansoek aan die AJV vir bekragtiging voorgelê word.

**7 ERE-TOEKENNINGS:**

7.1 Ten einde lede te beloon vir toegewyde en uitsonderlike bydrae aan die Vereniging, ter verwesenliking van sy doelstellings en vir die gladde verloop van sy administrasie, kan ere-kleure op streek - en nasionale vlak toegeken word sowel as enige ander ere- of langdiens toekennings gemaak word.

7.2 Die vereistes waaraan voldoen moet word en die ere-toekennings wat gemaak sal word sal geskied ooreenkomstig die reëls.

**8 VERGADERINGS:**

**8.1 Algemene Jaarvergadering (AJV):**

8.1.1 'n AJV moet elke jaar tydens die kampioenskapskou gehou word.

8.1.2 Ten minste veertien dae kennis van die AJV moet deur middel van "Die Sierduif", of enige erkende sosiale / kommunikasie forum aan lede gegee word.

8.1.3 Aangeleenthede wat op die AJV behandel, bekragtig en goedgekeur moet word, is die volgende:

8.1.3.1 Alle jaar- en finansiële verslae.

8.1.3.2 Enige aangeleentheid wat op die agenda voorkom.

8.1.3.3 Enige ander aangeleentheid wat die Nasionale President mag toelaat, onderworpe aan die voorskrifte vir wysigings van hierdie grondwet.

8.1.4 Die minimum kworum vir enige vergadering binne SASV verband, m.a.w. spesklubvergaderings, streekvergaderings en ander vergaderings op nasionale vlak is die grootste van drie lede of 20% van die lede van die spesklub, streek of enige ander groepering binne die SASV – opgerond tot die naaste heelgetal.

**8.2 Spesiale Algemene Vergadering:**

8.2.1 Die minste van 25 of 15% van die lede van die Vereniging (opgerond tot die naaste heelgetal) mag 'n spesiale vergadering aanvra, deur 'n skriftelike versoek aan sowel die Nasionale Sekretaris as die Nasionale President te rig.

8.2.2 Die sake vir bespreking op so 'n spesiale vergadering moet duidelik in die versoek uiteengesit word en die versoek moet die Nasionale Sekretaris en Nasionale President minstens sestig dae voor die voorgestelde datum van die vergadering bereik.

8.2.3 Die Nasionale Sekretaris moet toesien dat die sake vir bespreking minstens dertig dae voor so 'n vergadering gepubliseer word.

8.2.4 Die Nasionale President en Nasionale Sekretaris sal die plek bepaal waar die spesiale vergadering gehou moet word.

**8.3 Besluitneming:**

8.3.1 Behalwe in die geval van 'n wysiging van die grondwet, en verkiesing van ampsdraers, sal besluite by wyse van 'n meerderheid van stemme van die teenwoordige lede op alle vergaderings geneem word.

8.3.2 Slegs 2 lede van 'n vennootskap mag aan besluitneming deelneem, op voorbehoud dat geen natuurlike persoon oor meer as een stem sal beskik nie, ongeag die feit dat hy 'n lid van meerdere vennootskappe mag wees.

8.3.3 Skool-vennootskappe beskik oor slegs een stem, deur `n verteenwoordiger wat deur die skool aangewys moet word.

8.3.4 Wysigings aan die grondwet kan alleenlik met 'n twee-derde meerderheid van stemme van lede op die AJV teenwoordig, aangebring word. Kennisgewing van enige voorgestelde wysiging aan die grondwet moet die Nasionale Sekretaris minstens sestig dae voor die vergadering bereik en sodanige voorgestelde wysigings moet minstens dertig dae voor die vergadering in "Die Sierduif" gepubliseer word.

8.3.5 Geen wysigings mag aan die grondwet aangebring word wat tot gevolg sal hê dat die Vereniging sal ophou om voort te bestaan nie.

8.3.6 Die Nasionale President sal op alle vergaderings oor 'n gewone en 'n beslissende stem beskik.

8.3.7 Lede wat op die UK Dagbestuur dien en ook sy / haar Streekverteenwoordiger is het 2 stemme wat van mekaar mag verskil.

**8.4 Notules:**

8.4.1 Daar moet notules van alle Spesiale ledevergaderings, Algemene Jaarvergaderings en UK vergaderings van die Vereniging deur die Nasionale Sekretaris gehou word. Enige lid sal op enige redelike tyd die reg tot insae in die Vereniging se rekords hê, deur die nodige wetgewing vereistes te volg.

8.4.2 Die notules van die AJV moet in "Die Sierduif" gepubliseer word of op enige erkende sosiale / kommunikasie forum aan lede gestuur word.

8.4.3 Notules van die Julie UK vergaderings moet voor die einde van September aan alle UK lede versprei word.

**9 FINANSIES & BATES:**

9.1 Die jaarlikse ledegeld is op 1 Januarie van elke jaar betaalbaar.

9.2 Lidmaatskapfooie word jaarliks op die AJV bepaal.

9.3 Nuwe lede sal aanspreeklik wees vir die betaling van 'n intreefooi soos van tyd tot tyd deur die AJV vasgestel word.

9.4 Nuwe lede wat voor 30 Junie aansluit betaal die volle lidmaatskapfooi, terwyl die wat na 30 Junie aansluit slegs 50% daarvan betaal.

9.5 'n Bank en/of ander rekening moet in die naam van die Vereniging bedryf word. Hierdie rekening(e) sal gesamentlik deur twee lede van die UK, of 'n lid van die UK en 'n gewone lid, deur die UK aangewys, beheer en behartig word.

9.6 Enige winste wat deur die Vereniging gemaak word, sal uitsluitlik vir die bereiking van sy doelstellings soos hierin uiteengesit, gebruik word en geen gedeelte van sodanige wins sal onder lede verdeel, of aan enige ander persoon uitbetaal word nie.

9.7 Die finansiële jaar van die vereniging strek vanaf 1 Januarie tot 31 Desember. Streke en spesklubs mag ander jaareindes hê.

9.8 Die UK moet 'n geregistreerde ouditeur aanstel om jaarliks die finansiële rekeninge van die Vereniging te oudit en die finansiële jaareind state van die Vereniging op te stel.

9.9 Die Vereniging se Finansiële state en Ouditeursverslae moet beskikbaar wees en by die Direkteur van Nie Winsgewende Organisasies ingehandig word binne ses maande na die finansiële jaareinde.

9.10 Indien die Vereniging fondse wil belê, mag dit slegs by 'n geregistreerde finansiële instelling, soos gelys in klousule 1 van die Finansiële Instellingswet 1984, belê word. Die Vereniging kan ook effekte bekom wat op 'n gelisensieerde beurs gelys word, soos uiteengesit in die Beurs-Beheerwet, 1985.

9.11 Die Vereniging sal aanspreeklik wees vir die betaling van redelike uitgawes, deur lede van die dagbestuur van die UK aangegaan vir die bywoning van spesiale vergaderings, die UK vergadering vroeg in die jaar en Dagbestuurvergaderings. Die besluit om te bepaal watter uitgawes wel as redelik beskou kan word, word deur die volle UK geneem.

9.12 Indien die Vereniging ontbind sou word, sal al sodanige bates van die Vereniging wat oorbly na vereffening van sy verpligtinge, oorgedra word aan 'n ander vereniging of verenigings wat doelstellings soortgelyk aan dié van die Vereniging het. Die Vereniging kan slegs ontbind indien twee derdes van die lede teenwoordig op 'n vergadering spesiaal belê vir hierdie doel ten gunste daarvan stem.

9.13 Die Vereniging mag geen van sy geld of eiendom aan enige van sy lede of ampsdraers gee nie, behalwe as redelike vergoeding vir werk wat vir die Vereniging gedoen is, of as terugbetaling van uitgawes namens die Vereniging aangegaan.

9.14 Die Vereniging moet 'n inventaris hou van alles wat dit besit.

**10 SAMESTELLING EN FUNKSIONERING:**

**10.1 Streke:**

10.1.1 Die Vereniging funksioneer op 'n streeksbasis. Voorstelle vir samesmelting of afstigting van streke moet aan die UK voorgelê word. Die UK moet dan sy bevinding aan die AJV voorlê vir goedkeuring.

10.1.2 Die volgende ampsdraers moet op die bestuur van 'n streekkomitee verkies word: President, Vise-President, Sekretaris en/of Tesourier, Skoubestuurder, Beoordelaarsbeampte en minstens een addisionele lid. Alhoewel individue in meer as een posisie verkies mag word, moet 'n streekkomitee uit minstens 5 (vyf) lede bestaan. Die President moet die Streeksverteenwoordiger wees. Hierdie ampsdraers moet verkies word op 'n AJV of spesiale vergadering van 'n streek.

10.1.3 Streke is geregtig om persone op grond van hulle besondere bydrae aan die betrokke streek, oor 'n lang tydperk, tot die ere-ampte van Ere-Presidente en Ere-Vise-

Presidente te verkies. Die ampte van Ere-Presidente en Ere-Vise-Presidente het nie uitvoerende magte nie.

10.1.4 Streekkomitees is verantwoordelik vir die organisering van die aktiwiteite, en die uitbouing van die beeld, van die Vereniging op 'n streekgrondslag.

10.1.5 Streekkomitees is aan die UK verantwoording verskuldig vir die wyse waarop die streek se sake behartig word. Die UK mag ondersoek instel oor die stand van sake in enige streek. Jaarlikse finansiële state, afskrifte van bankstate en bateregisters moet binne sestig dae vanaf 31 Desember van elke jaar, aan die Nasionale Tesourier voorgelê word.

10.1.6 Streke se bankrekenings moet in die naam van die Streek wees en nie in 'n individu se naam nie. Streke wat nie hieraan kan voldoen nie, moet hulle gelde deponeer in die SASV se amptelike bankrekening.

10.1.7 Streke mag onderwerpe vir bespreking vir die agenda van die AJV sowel as die UK vergadering (wat aan die begin van die jaar plaasvind) by die Nasionale Sekretaris van die Vereniging indien by wyse van 'n notule van die streeks-AJV. Sodanige notule moet voor 31 Desember van die jaar wat die vergadering voorafgaan ingedien word. Streke se AJV notules moet 'n spesfieke opskrif bevat waaronder sodanige besprekingspunte spesifiek genotuleer word.

10.1.8 Streke se grondwette en reëls mag nie stydig met die SASV se grondwet en reëls wees nie.

10.1.9 Elke streek is met regspersoonlikheid beklee en mag in eie naam gedinge voer. Alle bates deur 'n streek versamel is die eiendom van die betrokke streek en elke streek is verantwoordelik vir die betaling van sy eie skulde. Die Vereniging is nie aanspreeklik vir enige skulde deur 'n streek aangegaan nie.

10.1.10 By die samesmelting van twee of meer streke moet die bestaande besture ontbind en 'n nuwe bestuur verkies word. Al die bates van die betrokke streke moet saamgevoeg word onder beheer van die nuut verkose bestuur, wat binne 90 (negentig) dae na die datum van die samesmelting afskrifte van die bankstaat en die bateregister aan die Nasionale Sekretaris en die Nasionale Tesourier moet voorlê, tesame met 'n verslag deur die Streekpresident oor die funksionering van die streek.

10.1.11 By ontbinding van 'n streek moet alle bates van die streek, nadat die laste gedelg is, vir 'n tydperk van twee jaar deur die UK in trust gehou word. Indien daar binne die tydperk van twee jaar 'n nuwe streekkomitee vir die betrokke gebied op die been gebring word, moet hierdie bates deur die UK aan die nuutgestigte streek oorgedra word. Gebeur dit nie, gaan die bates op die Vereniging oor.

**10.2 Spesialiteitsklubs:**

10.2.1 Spesialiteitsklubs mag gestig word om die gehalte van spesifieke rasse te bevorder. Dit is onderhewig aan voorwaardes en prosedures wat van tyd tot tyd deur die UK of sy komitees, neergelê is en nagekom moet word alvorens sodanige klub gestig mag word.

10.2.2 Alle lede van spesialiteitsklubs moet lede van die Vereniging wees. Die grondwet en reëls van hierdie klubs mag nie strydig met die grondwet en reëls van die Vereniging wees nie.

10.2.3 Spesialiteitsklubs is verantwoording aan die Vereniging verskuldig. Die Dagbestuur van die UK sal te eniger tyd die reg hê om 'n ondersoek na die stand van enige spesialiteitsklub se sake, sy bankrekeninge en alle registers in te stel.

10.2.4 Spesklubs se bankrekening moet in die naam van die Spesklub wees en nie in 'n individu se naam nie. Spesklubs wat nie hieraan kan voldoen nie, moet hulle gelde deponeer in die SASV se amptelike bankrekening.

10.2.5 Spesialiteitsklubs is verantwoordelik vir hulle eie fondse en betaal hulle eie skulde. Sulke klubs sal hulle eie trofees hanteer, versorg en grafeer. Die Vereniging is nie aanspreeklik vir enige van die spesialiteitsklubs se skulde nie.

10.2.6 Spesialiteitsklubs is geregtig om hulle eie beoordelaars vir die kampioenskapskou aan te wys. Hulle moet die Nasionale Beoordelaarsbeampte dienooreenkomstig inlig volgens voorskrifte soos bepaal in die reëls.

10.2.7 By die ontbinding van 'n spesialiteitsklub moet al die bates van die klub, na betaling van alle skulde, deur die UK vir 'n tydperk van twee jaar in trust gehou word. Indien 'n soortgelyke klub binne die tydperk van twee jaar gestig word, moet die UK hierdie bates aan die nuutgestigte klub oordra. Indien dit nie gebeur nie gaan die bates op die Vereniging oor.

**10.3 Skakeling en Reklame:**

10.3.1 Die Vise-President is verantwoordelik vir reklame van die Vereniging in sy streek. Die persoon moet 'n reklameverslag lewer tydens die streek se AJV. Die verslag moet tesame met die streek se AJV notule aan die Nasionale Sekretaris gestuur word.

10.3.2 Indien enige van 'n streek se ampsdraers nie in staat is om enige van die Vereniging se vergaderings by te woon nie, kan die streekkomitee van sodanige streek 'n persoon skriftelik aanwys om die streek op die betrokke vergadering te verteenwoordig.

**10.4 Beoordelaarsforum (BF):**

10.4.1 Die BF funksioneer onder gedelegeerde bevoegdheid van die UK, en is onderworpe aan die grondwet en reëls van die SASV.

10.4.2 Die BF moet toesien dat 'n haalbare stelsel vir beoordeling asook opleiding en gradering van beoordelaars instand gehou word.

10.4.3 Die Dagbestuur van die BF sal bestaan uit 'n Voorsitter, 'n Vise-Voorsitter, 'n Sekretaris en sodanige ander persoon of persone soos die Beoordelaarsforum op sy AJV bepaal. Die Voorsitter en Vise-Voorsitter moet beide gekwalifiseerde beoordelaars wees.

10.4.4 Alle gekwalifiseerde beoordelaars is outomaties lid van die BF, mits hulle opbetaalde lede van die SASV is.

10.4.5 Die lede van die Beoordelaarsforum kies drie-jaarliks die forum se Voorsitter. Hierdie voorsitter beklee die pos van Nasionale Beoordelaarsbeampte op die Uitvoerende Komitee van die Vereniging.
Indien hy nie 'n UK vergadering kan bywoon nie, moet die Vise-Voorsitter van die BF dit namens hom bywoon.

10.4.6 Die Streeksbeoordelaarsbeampte verteenwoordig sy streek op die BF. Hierdie persoon moet 'n gekwalifiseerde beoordelaar wees.

10.4.7 Die funksionering van die BF word deur die lede van die Beoordelaarsforum bepaal. Wysigings moet deur die UK van die Vereniging goedgekeur word.

**10.5 Die Praalsaal: Elektroniese medium deur middel van die Internet:**

10.5.1 'n Elektroniese medium (webwerf) sal op die Internet instand en op datum gehou word. Dit dien as bemarking van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging.

10.5.2 As integrale deel van die webwerf sal alle historiese gedenkwaardighede, gebeurtenisse en boverdienstelike bydraes of prestasie van lede en/of hul duiwe opgeteken en bewaar word. Hierdie deel van die webblad sal as die Praalsaal (Hall of Fame) bekend staan.

10.5.3 Die Vereniging sal vir die koste verbonde aan die domein en Internet Server Provider verantwoordelik wees. Indien die Nasionale Webmeester 'n SASV lid is, sal die

Vereniging ook vir normale instandhoudingskoste verantwoordelik wees. Indien die Webmeester 'n eskterne gekontrakteerde persoon is, sal normale instandhouding deel vorm van sy kontraktuele verpligtinge waarvoor hy vergoed word.

**11 SKOUE:**

11.1 'n Streek van die Vereniging moet jaarliks 'n kampioenskapskou aanbied. Die streek sal deur die UK aangewys word uit aansoeke vanaf Streke ontvang. Die UK kan `n komitee aanwys om die kampioenskapskou namens hulle aan te bied indien daar geen aansoeke vanaf streke ontvang is nie.

11.2 Die UK sal hul besluit tydens die AJV bekend maak.

11.3 Onderworpe aan die toesig en opdragte van die UK, is die streek aan wie die kampioenskapskou toegeken word, verantwoordelik vir die behoorlike aanbieding en organisering van die skou.

11.4 Op enige skou van die Vereniging, moet die skoubestuurder van die gasheerstreek toesien dat al die skoureëls van die Vereniging nagekom word.

11.5 Die streek wat die kampioenskapskou aanbied, is geregtig op die ontvangs van alle inkomste en is verantwoordelik vir alle uitgawes.

11.6 Streekkomitees kan plaaslike skoue en duiwedae reël en na goeddunke spesiale pryse toeken.

11.7 Spesialiteitsklubs mag skoue reël, op voorwaarde dat dit nie inbreuk op die kampioenskapskou of enige streekskou maak nie.

11.8 Datums vir streekskoue word jaarliks tydens die Kampioenskapskou bepaal. Streke wat wil afwyk van die goedgekeurde datums moet toestemming daarvoor by die Nasionale Sekretaris bekom.

11.9 Die Nasionale Sekretaris moet toesien dat daar nie datumbostings tussen skoue van naburige streke of spesialiteitsklubs is nie, asook alle skoudatums publiseer in die nuusbrief.

11.10 Slegs volopbetaalde lede van die Vereniging sal toegelaat word om duiwe op amptelike skoue van die vereniging te vertoon.

**12 RINGE:**

12.1 Ringe moet vanaf die Nasionale Ringmeester bestel word. Bewys van betaling moet die bestelling vergesel. Ringpryse sowel as posgeld daarop word jaarliks tydens die AJV vasgestel.

12.2 Die Nasionale Ringmeester moet sorg dat bestelde ringe vir die nuwe broeiseisoen jaarliks op 1 Desember of so spoedig moontlik daarna versend word.

12.3 Volledige rekord van die ringe uitgereik, moet deur die Nasionale Ringmeester gehou word.

12.4 Geen lid mag ringe aan 'n nie-lid van die Vereniging voorsien nie.

12.5 ‘n Lid wat ringe aan ‘n medelid voorsien, moet onmiddellik volle besonderhede oor die aantal, grootte en nommers aan die Nasionale Ringmeester verstrek, wat die rekords dienooreenkomstig moet aanpas.

**13 DIE SIERDUIF:**

13.1 ‘n Nuusbrief, "Die Sierduif", is die amptelike mondstuk van die Vereniging. Waar hierdie grondwet vereis dat 'n amptelike kennisgewing gegee moet word, sal publikasie van sodanige inligting in "Die Sierduif" of enige erkende sosiale / kommumikasie forum as voldoende kennisgewing beskou word.

13.2 Die AJV bepaal hoe dikwels "Die Sierduif" uitgegee sal word.

13.3 Indien ‘n lid nie sy ledegeld teen 31 Januarie van die jaar hernu het nie of reëlings (soos jaarliks goedgekeur in die begroting) vir afbetaling van die ledegeld met die Nasionale Ringmeester getref het nie, sal die eerste uitgawe van "Die Sierduif" in die nuwe jaar die laaste eksemplaar wees wat hy sal ontvang. Indien ‘n lid sy ledegeld op ‘n latere stadium hernu, sal hy nie geregtig wees op enige van die eksemplare wat hy intussen verbeur het nie.

**14 DISSIPLINêRE PROSEDURE:**

14.1 Indien enige lid strydig met enige bepaling van hierdie grondwet of enige reël optree, of hom skuldig maak aan optrede wat volgens die oordeel van die UK tot nadeel van die Vereniging strek, mag die UK of AJV sy lidmaatskap beëindig, of aan hom 'n ander gepaste vonnis oplê. Die graad van ernstigheid, en die mate waartoe die Vereniging benadeel is, moet in ag geneem word tydens die verhoor en vonnisoplegging. 'n Lid wie se lidmaatskap beëindig is, verbeur sy ledegelde.

14.2 Die besluit van die UK of AJV is finaal. Indien die persoon deur die UK gevonnis is, kan hy 'n appèl na die AJV rig, en kan die besluit van die UK ongedaan gemaak of bekragtig word met 'n twee-derde meerderheid stem. Word die besluit van die UK bekragtig, sal die sanksies teen die lid onmiddelik in werking tree.

14.3 Waar daar 'n aanklag teen 'n lid ingedien is, sal die UK, of in dringende gevalle, die Dagbestuur van die UK, die bevoegdheid hê om die lid tydelik te skors, hangende die afhandeling van 'n dissiplinêre ondersoek teen die persoon.

14.4 Geen lid wie se lidmaatskap deur die UK of AJV beëindig is, mag weer lid van die Vereniging word nie, tensy hy skriftelik by die Nasionale Sekretaris om hertoelating aansoek doen. Die UK moet eerstens hertoelating aanbeveel, voordat die AJV die aansoek met 'n twee-derde meerderheid kan goed- of afkeur.

14.5 Indien die voortgesette lidmaatskap van een lid van 'n vennootskap ongewens raak en beëindig word, bly die oorblywende lid aan as individuele lid; of bly die oorblywende lede aan as 'n vennootskap - sonder betaling van addisionele ledegelde.

**15 AANSPREEKLIKHEID:**

15.1 Die Vereniging is met regspersoonlikheid beklee en mag in enige hof van bevoegde jurisdiksie in sy eie naam dagvaar of gedagvaar word. Die Nasionale Sekretaris moet betekening van enige prosesstuk aanvaar en, indien daartoe deur die UK of ‘n AJV

gemagtig, alle volmagte wat vir doeleindes van 'n geding nodig mag wees, onderteken.

15.2 Geen lid is enigsins vir enige van die Vereniging se skulde aanspreeklik nie, tensy dit uit sy opsetlike en wederregtelike optrede voortspruit.

15.3 Lede word deur die Vereniging gevrywaar vir enige koste wat 'n lid mag oploop, as gevolg van enige eis teen of in verband met die vereniging, wat nie uit sy opsetlike en wederregtelike optrede voortspruit nie.

**16 DATUM VAN INWERKINGTREDING:**

16.1 Hierdie grondwet tree in werking op 11 Julie 2025 en vervang alle vorige uitgawes.

**Chris de Bruin**
**Nasionale President**
**11 Julie 2025**

**Gerhard van Aswegen**
**Nasionale Sekretaris**
**11 Julie 2025**